BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES 03

In les 2 het ons gesien dat die Heilige Gees se werking na die sondeval met alle mense eenders was. In les 3 kyk ons na die Heilige Gees se werking ná Abraham se roeping. Die volk Israel, wat uit Abraham voortgekom het, het deel gehad aan 'n heerliker werking van die Heilige Gees as die res van die mensheid. Hulle is deur die Here afgesonder sodat die Verlosser vir die hele wêreld uit hulle sou kom. Uit hulle moes Hý kom wat weer die volle lewe en lewensgemeenskap van voor die sondeval sou herstel. Vir hierdie hoë roeping het die Here sy Gees aan hierdie verbondsvolk gegee. Self was hulle niks beter as die ander volke nie. Die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees in Israel, kan onderskei word in:

- Sy werk in die hele volk;
- Sy werk in bepaalde persone.

1. LEES: Psalm 106:32,33 [oav]; Jesaja 63:10,11.

   Psalm 106:32,33: Hulle het Hom ook vertoorn by die waters van Méribа.....want hulle was wederstrewig teen sy Gees.....[oav].

   Wie is die ‘hulle’ in bogenoemde verse en wat leer Jesaja 63:11 ons?

2. LEES: Jesaja 63:14 [oav].

   Soos vee wat aftrek in die laagte, het die Gees van die Here hulle na die rus gelei. Só het U u volk gelei, om vir U 'n heerlike Naam te maak.

   Waarheen lei die Heilige Gees die volk en wat beteken dit?

In vraag 1 en 2 het ons gesien hoe die Heilige Gees die volk Israel as geheel lei. Maar Hy het ook besondere persone begenadig deur sy gawes en aanwesigheid, op so 'n wyse wat nie die geval was by elke lid van die volk nie. En die rede hiervoor? Sodat Israel as verbondsvolk sou kon voortgaan sodat die Verlosser op sy tyd sou voortkom uit hulle. Die genadegawes wat hierdie persone ontvang het, moes deurwerk tot opbou van die hele volk.

3. LEES: Numeri 11:16,17.

   Aan wie word die Heilige Gees gegee en wat was hulle opdrag nadat hulle die Gees ontvang het?

4. LEES: Rigters 3:9,10; 6:34; 11:29; 13:24,25.
Wat leer hierdie gedeeltes ons oor die werk van die Heilige Gees?

5. In die tyd van die konings sien ons 'n voortsetting van die werk van die Heilige Gees. So is Saul as koning gesalf. Toe die Heilige Gees oor hom gekom het, het Saul totaal 'n nuwe mens geword [1Sam.10:6,10]. Hy neem kragtig leiding om sy volk van die Ammoniete te bevry en hy profeteer. Iets wat ons laat dink aan die wedergeboorte, vind met hom plaas, want hy word 'n ander mens.
LEES: 1 Samuel 13:9,10; 15:3,9,15,22,23; 16:14.
Waarom het die Heilige Gees van Saul gewyk? Dink u dit kan ook met ons gebeur?

6. Die Heilige Gees het op 'n besondere wyse gewerk met die profete. Die inspirasie, die krag en die moed van die profete het van die Heilige Gees af gekom. Maar meer nog! Die Heilige Gees is ten nouste gemoeid met die openbaring aan die profete van wat hulle in die Naam van die Here moet sê.
LEES: Esegiël 11:5; Handelinge 1:16a; 1 Petrus 1:10,11.
Wat leer hierdie gedeeltes ons oor die Heilige Gees en die profete?

7. LEES: Jesaja 11:1,2; 42:1.
Wat leer hierdie verse ons aangaande Jesus en die Heilige Gees?

ANTWOORDE.

VRAAG 1.
Die ‘hulle’ verwys na die volk Israel en hulle geskiedenis ná die uittog uit Egipte. Beide skrifgedeeltes verwys na die volk se ontrou en opstand teen God. Op die wyse het hulle die Heilige Gees bedroef. In Jesaja 63:11 word genoem dat dit God is wat

die Heilige Gees vir Israel gegee het. Israel was dus bewus van die besondere hulp en leiding van die Heilige Gees in hulle midde.

VRAAG 2.

Die woord ‘gelei’ beteken letterlik: om iemand te stuur of te dryf. Die Heilige Gees bestuur God se volk na rus. Die genade lê hierin dat Hy alles vir hulle doen. Hy herstel die ware gemeenskap met God en bring ware lewe. Dit is wat die rus van vers 14 beteken.

Dit is belangrik om te verstaan dat die Heilige Gees nooit wil dwing nie. Hy stuur en dryf God se volk na rus. En wanneer hulle wederstrewig is? Al wat ons dan lees is dat die Heilige Gees bedroef is. Hy dwing hulle egter nie om te doen wat Hy vra nie.

VRAAG 3.

Die Heilige Gees het aan Moses en die oudstes die gawe gegee om te regeer, te lei en reg te spreek. So kon Moses en die sewentig deur die gawe en werking van die Heilige Gees, die volk lei [regeer].

VRAAG 4.

In die tyd van die Rigters kry ons verskillende gevalle waar die Heilige Gees op 'n besondere wyse op iemand gekom het, soos op: Otniël [3:9,10], Gideon [6;34], Jefta [11:29] en Simson [13:24,25]. Die gevolg van so 'n koms van die Heilige Gees op 'n persoon was telkens dat hy met groot krag kon optree tot redding van die verbondsvolk.

VRAAG 5.

In die verse genoem sien ons hoe Saul die sonde begin liefhê. Eers begin hy as koning die offerdiens doen teen God se bevel [dit is immers die werk van die hoëpriester]. Daarna is hy eiesinnig en ongehoorsaam aan God se bevele. Op die wyse het hy weggegaan van die Lewende God af. Nou gaan die Gees van die lewe weg van hom af en die bose gees neem besit van hom oor. Die Heilige Gees gee lewe en krag, maar die bose gees bring verskrikking en geestelike wanorde soos dit verder in Saul se lewe blyk.

God kan dus sy Gees aan iemand onttrek. In besonder wanneer daar nie, soos by Saul, opregte berou is nie.

VRAAG 6.

Die Ou en Nuwe Testament openbaar die allernouste verband tussen die Heilige Gees en die Woord van God. Esegiël 11:5 deel mee hoe die Heilige Gees Esegiël laat spreek en in Handelinge 1:16 wys Petrus terug na 'n Psalm van Dawid en sê dat die Heilige Gees daar gespreek het.1 Petrus 1:10,11 maak melding van die Gees van Christus wat in die profete was. Hierdie tekste leer ons dat die Heilige Gees ten nouste gemoeid was met die gesproke [en geskrewe] profesieë. Wie die werking van die Heilige Gees nie ten eerste aan die Woord wil verbind nie, maar dit wil sien as 'n subjektiewe ervaring of openbaring buite God se Woord om, kan nooit die volle werk van die Heilige Gees verstaan nie.

VRAAG 7.

Reeds in die Ou Testament is daar heerlike profesieë oor Jesus en die Heilige Gees. In Jesaja 11:1,2 word geprofeteer dat die Heilige Gees op Hom sal rus. In hierdie vers word die Gees genoem die Gees van wysheid en insig en raad en sterkte en kennis en eerbied vir die Here. Met hierdie gawes word gesê dat die Heilige Gees met al hierdie gawes op Jesus sal wees. Die volheid van die Gees sou dus op Jesus wees.
Volgens Jesaja 42:1 sal die Gees op Jesus kom om die wil van God aan nasies en mense te verkondig. Die intieme verband tussen die werk van die Heilige Gees en ons Here Jesus blyk reeds uit die Ou Testament.

****